KLOP DIE HOOFPYN

Op 18 het Tracy Venter die eerste keer met 'n migraine wakker geword. Daarna het sy vir vier jaar lank daagliks die verblindende pyn ervaar. Tot sy besluit het genoeg is genoeg.

Min mense wou glo dat ek elke dag met 'n kopseer opgestaan en gaan slaap het. Ek het tot tien pynstillers deur die dag gedrink ... dit het selde gehelp, en het my eintlik net naar gemaak. Voorgeskrewe medikasie, slaappille en spierverslappers het ook maar min gehelp. Ek moes elke dag met min slaap, geen eetlus en 'n verblindende hoofpyn saamleef. My enigste oplossing was om in die bed te bly. Die verskonings was deel van my alledaagse lewe:

"Ek moes elke dag met min slaap, geen eetlus en 'n hoofpyn saamleef."

... maar EK HÉT GELEER

As 'n eerstejaarstudent in somatologie, wou ek aan my familie en vriende bewys ek kan 'n sukses van my studies maak. Natuurlik het ek gesukkel. Die ewige hoofpyn het my uit die klas gehou. Maar vir een spesifieke anatomietoets het ek bitter hard geleer. Ongelukkig moes ek die oggend pynpille drink om 'n geweldige kopseer te kalmeer. Tydens die toets kon ek niks onthou nie ...

... maar EK WOU KUIER

My studentekêrel was aanvanklik baie ondersteunend, maar hy het later gesukkel om te verstaan as ek nie wil kuier nie. Een Kersfees het ek by sy ouerhuis gaan vier. My kop was so seer, ek moes vir 'n paar minute gaan lê en het aan die slaap geraak. Hy't in die kamer ingekom en op my gegil. Hy was moeg vir my antisosiale gedrag en het die verhouding beëindig.

... maar EK WAS OP PAD

'n Beste vriendin het verjaar en ons wou dit 9-uur die aand gaan vier. Ek het pynstillers geneem en het eers 10-uur wakker geskrik ... Sy't gedink ek gebruik die hoofpyn as 'n verskoning. Dit was die einde van ons vriendskap.

... maar NIE MEER NIE!

Só kon ek nie meer lewe nie. Ek het seker meer as 30 dokters besoek. Die een sou sê dis 'n hormonale probleem en die volgende een stres. Ek het besef ek mors my geld en tyd. Ek het 'n bietjie navorsing gedoen en op die Headache Clinic afgekom.

Hulle het my 'n klomp vrae gevra soos wanneer die pyn begin, hoe lank dit aanhou en wat ek eet. Ek het vir x-strale in my nek en gesig (kakebeen en palet) gegaan. Daarna het hulle 'n angiogram gedoen, waartydens ek aan 'n masjien wat soos 'n MRI-skandeerder is, gekoppel is terwyl hulle my met 'n kleursel ingespuit het om al die are sigbaar te maak om te sien watter slagare pyn veroorsaak. Ek is ook vir oogtoetse, want blykbaar wys dit breinegewasse uit.

Die x-strale het gewys my palet is te hoog, daarom sit my tong te hoog en dit veroorsaak dat my ruggraat vorentoe geforseer word. Dit het baie stres op die spiere in my nek gesit. Omrede die Headache Clinic sjirurgie as laaste uitweg aanbeveel, moes ek 'n mondplaatjie dra om my tong ondertoe te forseer. Dit het nie tydens die toetsperiode gewerk nie, en ek moes sjirurgie oorweeg.

Ek was nie bang of senuweeagtig nie – behalwe oor my hare wat hulle plek-plek moes afskeer! Na die sjirurgie het ek wakker geword – tot vandag toe het ek nog nie weer een migraine gehad nie. Ek kry nou en dan hoofpyn as ek stres of moeg is, maar dis nie naastenby so erg nie. Ek is weer 'n normale 24-jarige! F

Artikel Liezl Heidtmann Foto Eric Uys

THE HEADACHE CLINIC 0861 678 911